## 29 Desember - YWER

**Skrifgedeelte: Lukas 9:49-55; Markus 3:17**
**Fokusgedeelte: Lukas 9:54-55**

Jesus het self aan Johannes en Jakobus die bynaam gegee "seuns van die donder". In die res van die Bybel kry ons egter geen duidelike verklaring hoekom Hy dit gedoen het nie. Baie Skrifverklaarders meen dit is oor hulle optrede teenoor die Samaritane.

Johannes en Jakobus was saam met Petrus die drie dissipels wat so te sê die binnekring van die 12 gevorm het. Dat Johannes-hulle ons Here Jesus vurig liefgehad het, is geen twyfel nie. Maar 'n mens moet versigtig wees met jou eie vurige liefde vir die Here.

Die Samaritane het gehoor dat Jesus op pad is na Jerusalem toe, daarom wou hulle Hom nie met gasvryheid ontvang nie. Hulle het gemeen dat Jesus nou net so maak soos die Jode van Judea nog al die jare doen, om die Samaritane as minderwaardig te beskou.

Johannes en Jakobus beleef die onwilligheid van die Samaritane egter as teenkanting van Jesus en 'n ondermyning van God se koninkryk. Sommer dadelik wil hulle vuur uit die hemel afroep om die Samaritane te verteer.

Hoeveel keer het dit nie met jou en my al gebeur dat ons in alle opregtheid ons geloof uitleef en met ander mense daaroor praat nie, en die reaksie wat ons gekry het, was ook so beledigend soos die Samaritane s'n. Jesus het vir Johannes-hulle gekeer en Hy keer ons ook om sulke verwerping en belediging met haat te wil beantwoord.

'n Christen se liefde vir die Here mag nie in iets soos vergelding ontaard nie. Gaan kyk maar weer wat leer Jesus ons in die gelykenis van die onkruid tussen die koring in Matteus 13.

Vergelding is die Here se werk. Hy ken die onderskeid tussen koring en onkruid. Mag die Heilige Gees ons so lei dat ons liefde vir die Here altyd duidelik liefde ook vir ander mense sal wees. Donders en bliksems is die Here se gereedskap en syne alleen.

*Sing: Psalm 73:5, 6, 12 (1936-beryming)* *Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)*